

## Saterdag 2 Februarie

Skrifgedeelte: Numeri 5:1-4

Fokusgedeelte: Numeri 5:3b

### Geen onreine kom in die teenwoordigheid van God nie

Die reinheidswette is vir ons wat in die 21ste eeu leef, soms moeilik om te begryp. Ons leef in 'n hoogs ontwikkelde, tegnologiese era waar reinheidsrituele net by vreemde kultes en sektes te vind is. Daarom stoei ons baie keer met gedeeltes soos hierdie waar God beveel dat mense wat aan sekere siektes lei, of op een of ander manier onrein is, sommer summier uit die kamp gestuur moet word. Is dit nie bietjie hard nie?

Hoe moeilik dit ook al vir ons is, moet ons besef dat reinheid 'n baie belangrike tema in die Ou Testament is. Hierdie reinheidswette was nie daar om die volk se lewe moeilik te maak nie, maar om vir hulle (en ons) iets te leer van Wie God is – 'n heilige God wat nie vuilheid en onreinheid kan verdra nie. Daarom sien ons in vers 3 baie duidelik die rede waarom die onreines uit die kamp gestuur moes word: “... sodat hulle nie die kamp **waarin Ek onder hulle woon**, verontreinig nie.” God is heilig en rein, en geen onrein mens kan in sy teenwoordigheid wees nie.

Dit skep natuurlik vir ons 'n probleem. Ons is dalk nie fisies onrein nie, maar ons sonde maak dat ons ook nie in die teenwoordigheid van die heilige God kan kom nie. Maar hoe wonderlik dat God ook genadig is. Jare later word Jesus saam met die “onreines” buite die stad se mure gekruisig sodat ons vuilheid afgewas kan word. Jesus is die onskuldige wat ly vir die skuldiges (1 Pet. 3:18). Hy is die rein Een wat in ons plek “uit die kamp” gestuur word, sodat ons nou skoon voor God kan staan.

Wat 'n troos! In Jesus Christus is daar niks wat my so onrein kan maak dat God my uit sy kamp stuur nie ... Kom ons dank God elke dag daarvoor!

*Sing: Skrifberyming 5-3:1, 2*

*Ds. JG Tredoux (Jacques) (Pretoria-Brooklyn)*